

Selfoon- tegnologie vir vee



Veediefstal en aanvalle deur roofdiere is vir eeue lank al 'n uitdaging vir boere. Beide misdaad sowel as roofdierskade is 'n realiteit vir veeboere oor die hele spektrum, van kleinboere tot uitgebreide boerdery-ondernemings. Die finansiële implikasies van veeverlies is egter van so 'n aard dat boere toenemend op soek is na 'n effektiewe oplossing om hierdie probleme te bekamp.

FarmRanger (voorheen Celmax) is 'n gevestigde naam in sekuriteitsnekbande vir skape, beeste, bokke en perde. Dié nekbande help boere om diefstal en roofdieraanvalle te vermy deur 'n alarm te gee op die boer se selfoon. Die stelsel is eenvoudig om te gebruik en dit is betroubaar en effektief soos deur die afgelope 15 jaar bewys is.

Geskiedenis

'n Voormalige skaapboer van Caledon, Philip Lotter, het die frustrasie en finansiële verlies as gevolg van verskeie veediefstalle eerste-hands beleef, en het begin om 'n oplossing te bedink. "Ons moes eenvoudig 'n oplossing kry wat koste-effektief en gebruikersvriendelik is," sê Philip. "Daar is 'n ongelooflike behoefte om 'n behoorlike oplossing vir die toename in veediefstal asook verliese weens roofdiere te vind."

"Daar is 'n ongelooflike behoefte om 'n behoorlike oplossing vir die toename in veediefstal asook verliese weens roofdiere te vind."

Philip het in 1999 in samewerking met die Stellenbosch-gebaseerde maatskappy Etse Electronics 'n vee-sekuriteitstelsel genaamd Celmax ontwikkel. Etse Electronics se ervaring in die ontwikkeling van elektronika vir militêre en satellietstelsels was nommerpas vir Philip se konsep. Oor die jare het die kliëntebasis en die gewildheid van die produk stelselmatig gegroei. Vandag staan dit bekend as FarmRanger, met 'n toegewyde span wat die produk ondersteun en ontwikkel.

Realiteit

Terwyl veeboere werk om in die aanvraag na diere-produkte soos vleis, suiwel en wol te voorsien, is die hartseer realiteit dat diefstal 'n voortdurende uitdaging bly. Die Suid-Afrikaanse Polisiediens se misdaadstatistieke is deur 'n onlangse studie deur die Universiteit van die Vrystaat se Departement Landbou-ekonomie bevestig. Oor die afgelope 3 jaar was daar 'n merkbare toename in veediefstal in o.a. Noordwes, Mpumalanga en Gauteng, met die Oos-Kaap en Vrystaat wat kop en skouers bo die ander provinsies uittoon.

Die dikwelse onvermoë van die SAPD om gesteelde vee terug te kry, is net so kommerwekkend. Volgens dié studie het skaapboere oor die afgelope 3 jaar gemiddeld 11 skape per boer per jaar aan diefstal verloor, waarvan 2 uiteindelik teruggekry is. Beesboere het gemiddeld 5 beeste per boer per jaar verloor, waarvan 1 teruggekry is. Dis geen verrassing dat al hoe meer boere verkies om self in te gryp in die stryd teen veediefstal nie.


Roofdiere

Die gebruik van FarmRanger is nie beperk tot die bekamping van diefstal nie. "Daar is 'n groot dryfkrag om roofdier-vriendelike vleis te koop," sê Philip. "Een hoofdoel van FarmRanger is om te verseker dat ons die skuldige roofdier onmiddellik identifiseer, daarvolgens optree en sodoende verliese drasties verlaag. Dit stel die boer in staat om slegs op te tree teenoor die skuldige roofdier." Hierdie filosofie is in lyn met inisiatiewe soos die Predation Management Forum (PMF), wat produsente ondersteun om roofdiere korrek te bestuur.

Hoe werk dit?

FarmRanger-nekbande is gebruikersvriendelik en maklik om te implementeer. Een dier per trop dra die nekband wat die gedrag van die dier, en dus ook die hele trop, monitor. Vir groter troppe word meer as een nekband gebruik. As die dier se gedrag abnormaal is, soos in die geval van diefstal of 'n roofdieraanval, dien dit as 'n sneller wat 'n alarm op die boer se selfoon aktiveer sodat hy onmiddellik kan reageer.

Die alarm toon aan in watter trop die ontwinging is. Die nekband het ingeboude GPS-koördinate waarmee die boer presies kan sien waar die trop tydens 'n steurnis is met behulp van Google Maps op sy selfoon. Al sou 'n dief dus daarin slaag om die diere aan te jaag, sal hulle maklik opgespoor kan word. In die donker of in digte mis kan die trop vinnig bereik word, wat dus skade baie beperk. Een groot voordeel van die FarmRanger-nekbande is dat hulle aangepas kan word vir elke boer se spesifieke behoeftes. Behalwe die alarms, stuur die stelsel ook daaglikse inligting oor elke nekband se batterystatus en die sterkte van seine na die boer se selfoon.



Bekostigbaar

Veldstasies is nie nodig nie, aangesien die nekband direk deur middel van die selfoonnetwerk kommunikeer. Dit beteken dat daar geen aanvanklike opstelkoste vir infrastruktuur is nie – dit is gewoonlik 'n groot deel van soortgelyke stelsels se koste. Hierdie aspek, tesame met die lae aantal nekbande wat per trop benodig word, maak FarmRanger tans een van die mees bekostigbare stelsels op die mark. Dit is 'n aantreklike opsie vir kleinboere wat voorheen nie altyd toegang tot sulke tegnologie gehad het nie.

Ondersteuning en ontwikkeling

'n Produk soos FarmRanger het 'n span nodig wat na al die aspekte van die produk omsien. Verkope en klante-ondersteuning word uit Caledon deur Philip hanteer. Produksie en stelsel-ondersteuning word uit Stellenbosch deur Etse Electronics gedoen. 'n Integrale deel van FarmRanger se filosofie is dat die produk voortdurend verbeter en ontwikkel moet word. "Met tegnologie wat so vinnig verander, is dit krities dat mens bybly," sê Philip. So byvoorbeeld het FarmRanger onlangs GPS-tegnologie by die stelsel gevoeg sodat die posisie van die trop bepaal kan word. Die nuutste toevoeging tot die stelsel, is 'n slimfoon-toepassing, oftewel 'n app.



Slimfoon-toepassing

FarmRanger werk met slimfoonoproepe om 'n alarmboodskap te aktiveer asook SMS-boodskappe met die GPS-koördinate van die trop se posisie. "Hierdie alarms is beide eenvoudig en effektief," sê Philip, "maar ons het die slimfoon-toepassing gesien as 'n manier om nog meer waarde aan gebruikers te bied." Die app is vir beide Android- en Apple-toestelle beskikbaar sonder addisionele koste. Ouer fone kan steeds gebruik word om SMS-boodskappe te ontvang.

"Hierdie alarms is beide eenvoudig en effektief," sê Philip, "maar ons het die slimfoon-toepassing gesien as 'n manier om nog meer waarde aan gebruikers te bied."

Wanneer 'n alarm geaktiveer word, kan gebruikers die app gebruik om die trop se beweging voortdurend op die app te monitor (track) deur middel van gereelde GPS-posisies wat op 'n kaart aangedui word. Vir daaglikse gebruik, kan die trop se mees onlangse posisie op die kaart gesien word – dit is baie nuttig wanneer 'n boer wil sien waar sy diere vir die nag tot rus gekom het. Die app is ook effektief om 'n gebruiker se halsbande te bestuur – dit gee 'n visuele oorsig wat belangrike stelselinligting, soos batterylvakke en GSM-netwerkseine, wys. Boere kan die app op meer as een foon installeer byvoorbeeld om 'n voorman of sekuriteitspersoneel toegang tot die inligting te gee.

Die funksionaliteit van die app is doelbewus basies en funksioneel gehou. "Dit moes iets wees wat betroubaar sou werk, sonder enige tierlantyntjies," sê Philip. Die app is spesifiek ontwerp vir minimale datagebruik op selfone – 'n paar MB per maand is tipies voldoende.

Alhoewel diefstal en roofdieraanvalle waarskynlik vir lank nog deel van die uitdagings van veeboerdery gaan wees, kan boere poog om hierdie elemente tot die beste van hulle vermoë te bestuur. Tans gebruik byna 2 000 boere regoor Suid-Afrika en 'n paar in Namibië en Australië die FarmRanger-nekbande om veeverliese so ver moontlik te bekamp. "Ons glo hierdie stelsel is revolusionêr," sê Philip, "en dit verminder veeverliese dramaties. Dit strek reeds 'n hele klomp boere tot voordeel en ons is oortuig dat baie meer hierby baat kan vind."

Kontakbesonderhede

Vir meer inligting kontak vir Philip Lotter op 028 212 3346 of philip@farmranger.co.za.

Besoek gerus ook www.farmranger.co.za vir enkele kort video's oor hoe die stelsel werk.

FARM Ranger
VEE-SEKURITEITSHALSBANDE